**8 November**

**Skrifgedeelte: Sagaria 8**
**Fokusgedeelte: Sagaria 8**

## God kan jaloesie positief inspan

Ons lees dikwels in die Skrif hoe God jaloesie positief gebruik. Uit Ragab se woorde aan die verspieders is dit duidelik dat die nasies jaloers is op die God van Israel (Jos. 2:8-11). Of, dink maar net aan hoe God Israel jaloers maak deur sy genade ryklik op gelowiges uit die heidendom te stort. Die doel daarmee is om sommiges uit die verharde Israel te red (Rom. 11:11 en 14).

Dieselfde vind ons ook in Sagaria 8 wanneer ons in vers 23 lees hoe tien mans (uit ander nasies) aan een Judeër sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle.”

In die voorafgaande verse word beskryf hoe God die heil van sy volk sal verander. Dat Hy nie meer toornig oor hulle sal wees nie, maar net goed aan hulle sal doen (vs 10-15). God doen dit nie net om Juda se ontwil nie, maar juis om die heidene jaloers te maak. Die jaloesie moet die deur open sodat die heidene tot bekering kan kom.

Kort ná die hemelvaart en Pinkster gaan hierdie profesie in vervulling. Die evangelie versprei vinnig deur die destydse bekende wêreld. In 383 n.C. word die kerk selfs staatskerk van die magtige en grootse Romeinse Ryk.

En vandag? Is ek en die gemeente waaraan ek behoort nog iets waarop die wêreld jaloers kan wees?

*Sing: Skrifberyming 28:2*    *Ds. AS Heystek (Emeritus)*